Graad 8: Week 6: 6 tot 10 Julie 2020

OPDRAG 27 A: HERSIENING: VOEGWOORDE (AL DRIE GROEPE)

INSTRUKSIES:

1. Hersien *(revise)* die Voegwoord in jou Afrikaans Handbook and Study Guide, p24 tot 27.
2. Maak seker dat jy die reëls baie goed verstaan.
3. Kyk weer na OPDRAG 8A tot 8H (Verduideliking van die Voegwoord).
4. **ONDERSTREEP DIE WERKWOORD(-E) IN DIE TWEEDE SIN AS JY DIE SIN NET MOET VERBIND. (A TOT C)**
5. **ONDERSTREEP DIE WERKWOORD(-E) IN ALBEI (*both*) SINNE AS JY MET DIE VOEGWOORD MOET BEGIN. (D1 tot 6)**
6. Voltooi hierdie opdrag vir Week 7: 13 tot 17 Julie 2020 in jou skrif.

A. Verbind die volgende sinne met die voegwoorde tussen hakies. (Groep 1)

1. Ek hou van lees. Dit laat my lekker ontspan. (want)
2. Ek strek my uit op die bank. Ek vergeet van alles om my. (en)
3. Thandi was in die hospitaal. Thabo was in die hospitaal. (nóg…nóg)
4. Joy se ouma is beseer. Sy voel jammer vir haarself. (dog)
5. Ma is nie kalm nie. Sy is woedend. (trouens)
6. Sy weet dit was ‘n ongeluk. Sy is baie ontsteld. (maar)

B. Verbind die volgende sinne met die voegwoorde tussen hakies. (Groep 2)

1. Pa is moeg gewerk. Hy rus op die bank. (derhalwe)
2. Joga kan spanning verlig. Dit kan siektes genees. (daarom)
3. Thandi is alleen. Sy skryf in haar dagboek. (dus)
4. Mary en haar maats sou gaan fliek. Hulle sou pizza eet. (daarna)
5. Jy moet versigtig op ‘n skaatsbord ry. Jy kan hard val. (anders)
6. My broer het geweet dit is gevaarlik. Hy het alleen geroei. (tog)

C. Verbind die volgende sinne met die voegwoorde tussen hakies. (Groep 3)

1. .Ek hou van lees. Dit laat my lekker ontspan. (omdat)
2. Ek het altyd visgevang. Ek was by die see. (toe)
3. Roei is gesonde oefening. Jy liggaam is fiks. (mits)

4. Naledi het gehuil. Sy het van die ongeluk gehoor. (nadat)
5. Hulle sou gaan fliek. Dudu het hard geval. (voordat)
6. Dudu se pa bel haar vriendin. Die dokter het haar ondersoek. (terwyl)

D. Begin die volgende sinne met die voegwoorde tussen hakies.

1. Thandi het baie gehuil. Sy is nou moeg. (Aangesien)
2. Mika luister vir haar ma. Sy sal nie weer gehok word nie. (Mits)
3. Dudu wil gesond word. Sy moet in die hospitaal bly. (Indien)
4. Mary hoor van die ongeluk. Sy huil baie. (As)
5. Dudu het hard geval. Hulle sou gaan fliek. (Voordat)
6. Jy liggaam is fiks. Roei is gesonde oefening. (Noudat)